Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Sondag 40

Sesde Gebod

Dr AH Bogaards

Lees: Gen.9:1-7; Gal.5:16-26

Teks: Gen.9:6; Gal.5:22

HK: Sondag 40

Psalms: Ps.45:1,2,16; 9:1; 9:8,9,10; 57:1,2; 57:4,5

1. Inleiding:

Dit gaan in die sesde gebod oor **die lewe van ’n mens en respek vir daardie lewe**: Ons moet respek hê vir die lewe van ons medemens en ons moet respek hê vir ons eie lewe.

Gód is die Skepper van lewe. Ons eie lewe en ons naaste se lewe behoort dus aan God. Dit is ***Gód se lewe***. Daarom het ons nie die reg om te beskik oor lewe nie. Daarom is dinge soos aborsie en genadedood sonde teen God self.

In Genesis 9 word nog 'n rede gegee waarom ons respek moet hê vir die lewe. God sê aan Noag: "Hy wat die bloed van ’n mens vergiet, sy bloed moet deur die mense vergiet word". En dan gee die HERE by die bevel uitdruklik die rede waarom ons nie 'n lewe mag neem nie: "***WANT*** die mens is na die ***beeld van God*** gemaak" (Gen. 9:6).

By die skepping is aan ons die roeping opgelê om beeld van God te wees. Om beeld van God te wees, beteken: om onder-koning in diens van die HERE te wees, om God te eer as onder-koning. Wie daarom 'n mens vermoor, beroof God van sy eer, want hy verhoed 'n medemens om God as beelddraer te dien.

Ons moet respek hê vir lewe. MAAR ons leef in 'n tyd waarin 'n menselewe niks werd is nie. Daar is daar geen respek meer vir lewe nie. Moord en selfmoord, genadedood en aborsie is aan die orde van die dag.

Ek wil graag in verband met die sesde gebod met u die volgende oordink:

1. Waar hierdie gebrek aan respek vir die lewe vandaan kom
2. In die sesde gebod eis God respek vir die lewe
3. Die geheim van 'n lewe van respek vir die lewe: die kruis

Eerstens dan:

2.1. Waar die gebrek aan respek vir die lewe vandaan kom

Hoekom lyk ons wêreld en ons land en ons eie lewe soos wat dit lyk? Wat het God se liefdesparadys in ’n moorddal verander. Waar kom dit vandaan: die geweld wat mense mekaar aandoen, die wapengeweld, die geweld met woorde, die harte vol geweld?

Net die Heilige Skrif en met name Genesis 3 kan ons hierop ’n antwoord gee: Daardie dag toe die mens in sonde geval het, is nie net sy verhouding met God verbreek nie, maar ook sy verhouding met sy naaste. Sondevaldag was die geboortedag van die moordenaar in ons.

Dit is altyd so: Waar die liefde tot God daarmee heen is, is daar ook nie liefde tot die naaste nie – en dus ook nie liefde vir die lewe van ‘n mens nie. Dit sien ons in wat direk na Genesis 3 gebeur:

- ***Want die eerste sonde*** wat gepleeg is nadat die mens uit die paradys verdryf het, was ***moord***. Kaïn het Abel doodgeslaan (Gen.4).
- ***En die eerste lied*** wat gedig is nadat die mens uit die paradys verdryf het, was 'n ***moordlied***, 'n sang van wraak: Want “Lameg het aan sy vroue gesê: Ada en Silla, hoor na my stem! Vroue van Lameg, luister na my woord! Voorwaar, ek slaan 'n man dood wat my wond en 'n seun wat my kwes. Want Kain sal sewe maal gewreek word, maar Lameg sewe en sewentig maal" (Gen.4:23-24). Moord – ook in die eerste gedig, in die eerste letterkunde na die sondeval.

Liefde vir God, liefde vir ons naaste - die twee hang onlosmaaklik saam: Wie God nie lief het nie, het ook nie sy naaste lief nie. En: Wie sy naaste nie lief het nie, het God nie lief nie. En nou hoor ons:

2.2 In die sesde gebod eis God respek vir die lewe

a) **DIE HEIDELBERGER BRING EERSTENS TER SPRAKE RESPEK VIR DIE LEWE VAN MY NAASTE:**

Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad. Ek moet alle wraaksug laat vaar.

En uit die verklaring van ons belydenis is dit duidelik: Dit gaan in die sesde gebod nie net oor oor die daad van doodslaan nie. Nee, maar ook as ek my naaste **onteer, haat** of **beledig** oortree ek hierdie gebod. Ook **met my gedagtes, woorde of gebare** kan ek my naaste doodslaan. Onder andere die Psalms weet van moord met die tong. Daarom beskryf die Psalmdigters die tong dikwels met die beeld van ’n swaard, as ’n moordwerktuig: “Ék moet onder leeus lê, wraakgieriges, mensekinders ... wie se tong 'n skerp swaard is.” (Ps 57:4) Ons ken dit goed, nie waar nie – kwetsende woorde, krenkende taal, karaktermoord?

In vraag en antwoord 106 daal die belydenis af tot in die kamer van ons hart, want hy sê: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die **wortel** daarvan, soos afguns, haat, woede en wraaklus verafsku. Dit alles is vir God heimlike moord. Ons maak meer male as wat ons dink van ons hart 'n moordkuil.

In die hart begin dit, by die haat. En van haat sê 1 Johannes 3:15: "Elkeen wat sy broeder haat, is ’n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie."

Maar nog is ons belydenis nie klaar nie. Hy laat ons in vraag en antwoord 107 sien dat God in die sesde gebod nie alleen ***verbied*** nie, maar ook ***gebied***:

- **God gebied dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself**.

En ... daardie liefde word uitgespel: **Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees, alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom en selfs aan ons vyande goed doen**.

Naasteliefde is nie net woorde of gevoel nie. Ons moet ook met ons dade wys dat ons lief is vir mekaar.

b) IN DIE TWEEDE PLEK ROEP DIE BELYDENIS MY OP TOT RESPEK VIR MY EIE LEWE.

Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie.

Ook ekself is immers deur God geroep om sy beeld te wees. En solank dit God behaag, moet ek hierdie heerlike lewens-taak vervul: om Hom te loof en te prys.

Die lewe is vir die Here kosbaar:

Van nature het ons – geeneen van ons nie - respek vir die lewe nie. Hoe kry ons dit dan? Ek wys u derdens op

2.3. die geheim van 'n lewe van respek vir die lewe: die kruis

In Galasiërs 5 hoor van ’n oorlog in ons: die stryd ons die vlees teen die Gees.

Met ***vlees*** bedoel Galasiërs: die ou mens in ons – in ons almal - ons, ons soos ons almal geword het deur die sondeval: mense onder die mag die duiwel, mense onder die heerskappy van die mensemoordenaar, die Satan (Joh 8:44). Dit is die ou mens in ons.

- ***Verse 19 tot 21 beskryf die werke van die vlees, die verset van die ou mens teen die Gees van Christus:***

En as ons nou hierdie lys met die werke van die vlees met aandag bestudeer, dan sien ons: ook oortreding van die sesde gebod kom ter sprake kom. Want die werke van die vlees is onder andere **vyandskap, toornigheid, afguns** en **moord**. Dit is alles dinge wat met moord te make het. Só lyk óns vlees dus, so lyk die ou mens in ons: van nature is ons almal moordenaars. Onder die heerskappy van die mensemoordenaar, die duiwel, is ons dit ook: mensemoordenaars. En die ou mens in ons wil alles wat aan God behoort, ook die lewe, stukkend slaan, doodmaak.

- ***Maar dan kom Paulus in vers 22 en teenoor die werke van die vlees stel hy die vrug van die Gees***:

En as ons hierdie lys van die vrug van die Gees eweneens met aandag bestudeer, dan sien ons dat ook hier die sesde gebod ter sprake kom. Maar nou kom in die plek van haat teen

die lewe die liefde vir die lewe. Want die vrug van die Gees is onder andere: **vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, sagmoedigheid, selfbeheersing** - alles dinge wat te make het met die vervulling van die sesde gebod.

In Galasiërs 5:22 leer ons dat ons deur die Heilige Gees weer die sesde gebod kan nakom.

Maar dan moet ons goed verstaan: Hierdie werk van die Gees het alles met Christus te make. Ons mag die werk van die Heilige Gees nooit losgemaak van die werk van Christus. Die Gees bring Christus na ons toe en ***só*** bring die Gees sy vrug in ons lewe. Deur die verlossingswerk van Christus sterf die moordenaar-ou-mens in ons en dra ons die vrug van liefde vir die lewe.

En in vers 24, daar beskryf die apostel daardie verlossingswerk. Want hy sê: Die wat aan Christus behoort, "het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig" (Gal.5:24). Paulus gebruik heel opvallend die woord “”gekruisig”. Met die "gekruisig" word die kruis van Golgota bedoel. Op die plek van die hoofskedel is ***die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig***. Paulus gebruik die woord kruisiging om aan te dui dat die doodmaak van die vlees gebeur die kruis van Christus. Dit is nie mensewerk nie. Die kruis is die geheim. Die gelowige is deur God se Gees in Christus ingelyf. Daardeur het ons ou mens, ***ons vlees***, aan die kruis gekom. As die Gees ons deur die geloof aan Christus verbind, ontvang die ou mens in ons (die moordenaar) die doodsteek. Deur die Gees en die krag van Christus se kruis word die gelowige van harte gewillig en bereid gemaak om die stryd teen ons sondige luste aan te bind. Hier in Galasiërs 5:24 word die werkswyse van die Gees geopenbaar: Ons vlees word gekruisig deur en in die kruis van Christus. Die kruis is die sterfbed van ons ou mens.

Dan verruil ons – om by die taal van die Psalms aan te sluit – die swaard-tong vir die tong-van-lof, die tong wat die werke van God verkondig. En dan is ons tong nie tot vernietiging nie, maar tot genesing van ons medemens, soos die Spreuke-digter sê (12:18).

Die **swaard-tong** is die tong van die ou mens in my. Die **tong-van-lof** is die tong van die nuwe mens. Dit bring genesing, omdat dit die evangelie verkondig en deur die evangelie gereinig is.

Nog iets: Die ou mens in my rig sy swaard nie net teen ander nie, maar ook teen myself. Want as alles so donker word in my lewe, dan sê ou mens vir my: Daar is geen hoop nie, alles hopeloos, my lewe het geen sin nie. Maar dan moet ons met hierdie moordenaar-oumens na die kruis. Die ou mens buig ons neer in wanhoop, in stikdonker depressie. Maar deur die krag van die kruis en opstanding van Christus jubel die nuwe mens in ons: Wat buig jy jou neer, o my siel? Waarom so vol wanhoop? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof. En as die ou mens in my hoon: Waar is jou God?, dan sing die nuwe mens in my: Gods vriendlik aangesig straal vrolikheid en lig deur duisternis en smarte vir alle opregte harte. Ja, ook as alles so moeilik raak, dan het my lewe nog so heerlik sin, want vir my is die lewe Christus. En dit maak my bly. Om Hom te sien, sy kruis, sy opstanding, sy liefde vir my – dit maak my so gelukkig. En

Dan vind my tong weer nuwe stof,
in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade,
so groot in nuwe reddingsdade. Ps 9:10 Totius

3. Slot:

Ons moet ander leer wat lewe is: Lewe is om beeld van God te wees, lewe is om te loof en te prys, om die groot dade van God te verkondig en daaruit te leef. So kry ons lewe sin. Dan is ons by die waaragtige lewe, die lewe in Christus. En dit is die diepste vervulling van die sesde gebod.

Die ongelowige wêreld ken die lewe nie. Ons mag dit ken: **Christus is my lewe** ... Wat ’n liefde- en volheidslewe waar ons bly ons in beroem het die Vader ons gegewe dat Hy ons sy kinders noem ...

AMEN